NG Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin
No. 35 van 2017

27 Augustus 2017

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Prentjies uit die hart!

Wat mense nie aldag besef nie, is dat die manier hoe hulle optree, vir ander 'n kykie gee in hulle hart. Jou dade is direk gekoppel aan jou hart. Jy tree op soos jou hart vir jou sê. Ja, baie keer tree mense reg op, omdat hulle kop sê dis die regte ding om te doen. Maar soms, veral as emosies betrek word, tree mense uit die hart uit op. Soms is dit 'n mooi prentjie. Soms is dit nie. Ek sukkel in die stoorkamer wat ook ons ateljee is waar ons radio-opnames doen. Ek sukkel om die opnames klaar te kry, want ek hak elke keer by dieselfde woord. Om dinge nog moeiliker te maak, bly die res nie stil in die huis nie en elke geluid wat gemaak word, word opgetel. Op 'n stadium het ek net genoeg gesukkel en ek storm uit. Ek vermoed die prentjie het nie 'n mooi boodskap oorgedra nie. Elke keer wanneer ons iets doen teenoor 'n geliefde, 'n vriend, 'n kollega of selfs 'n vreemde maak ons ons harte oop en ons vertel sonder woorde 'n storie. Hoe lyk die stories wat jy met jou hart en optredes vertel? Hier is 'n opdrag: [6]Julle het Jesus Christus as Here erken en aanvaar. Tree nou op soos mense wat Hom regtig as Here ken. Wanneer ek en jy vir Jesus liefhet, wanneer ons aan Hom behoort, raak Hy deel van ons. Hy leef in ons en ook in ons harte. Ander moet dan die prentjie van Jesus in ons harte kan sien. Dit gebeur deur die manier waarop ons die lewe leef. Dade is die venster na ons hart. Mense sien vir Jesus (in ons harte raak) deur die mooi manier waarop ons teenoor hulle optree. Kom ek wys jou 'n mooi prentjie. Ek het al vertel van 'n afgetrede skoolhoof wat gevra is om te help met agt kinders wat op die asgate van 'n dorpie langs die see bly. Sy plan is om die kinders te help om vis te vang. Deur skenkings word elke kind toegerus. Vyf van die agt kinders is weer terug in die skool. Hy vertel verder: *"Laas Vrydag sit ons in die reën en koue langs die Goukou en visvang - as ek alleen was sou ek geloop het. Die 5 kinders van Melkhoutfontein wil egter net visvang, van die lekker koffie drink en koud kry, maar aangaan... Uiteindelik het dit later beter geword. Ek het vir die kinders hulle warm vetkoek en vleis gegee en my verwonder hoe gelukkig hulle is met die bitter min waarmee ek hulle help. Dan is dit die tyd wat die Here langs my kom sit en ek sien kans vir nog baie sulke dae."* Mooi prentjie, nè. 'n Eenvoudige storie, maar die prentjie wat ons in die hart sien, is iemand wat Jesus Christus as Here erken en aanvaar. En so optree. 'n Mooi prentjie. 'n Lekker prentjie. 'n Prentjie wat ons wêreld daar buite so nodig het. Die noodgedwonge vraag aan ons elkeen is of dieselfde prentjie deur die venster van ons dade skyn? Ons ken mos vir Jesus. Ons glo mos in Hom. Hy woon mos al lank in ons hart. Hoe lyk die prentjie van jou hart deur die venster van jou dade?

Skrifgedeelte : Kolossense 2:6-8

Om oor na te dink : Hoe lyk die prentjie van jou hart deur die venster van jou dade? Sien mense dat Jesus daar woon? Waar moet jy anders begin doen?

Gebed

Jesus, U is deel van my. Ek glo met my hele hart aan U. Help my om my dade in lyn te kry met my geloof. Help my sodat ander U sal sien in my dade. Amen.

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir die gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste, voorsang-groepie en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster– sy het ons gebede bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike – daar is baie egskeidings
- Bid asb saam vir Eskom & sy werkers – ons het dit baie nodig
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & in ons land SA
- Bid asb vir al die verslaafdes – hulle het elke gebed bitter nodig
- Bid vir Lottie Conradie–sy het 'n siekte wat haar senuwees aantas
- Bid asb vir Chanté Pieterse – sy het Leukemie kanker
- Bid asb vir Maria Steyn – bid vir volkome genesing
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Chenique vd Merwe – bid vir volle genesing
- Bid asb vir Deseré vd Walt – bid vir volle genesing
- Bid asb vir Marlien Roetz – sy is siek en het gebed nodig
- Bid asb vir André Ackerman vir genesing na sy beroerte
- Bid asb vir Gert Schoeman wat in die hospitaal is
- Bid asb vir Milan Loots – vir spoedige herstel en genesing
- Bid asb vir Engela Vermeulen vir volle genesing
- Bid asb vir Beatri Wagner – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Hernann Sander – vir spoedige herstel en genesing
- Bid asb vir Oom Harry Vorster vir genesing
- Bid asb vir Naas Lamont vir genesing
- Bid asb vir Marie Preston vir herstel na operasie
- Bid asb vir Christo & Landi Potgieter met die afsterwe van Landi se pa

Dank Gebede

-Dankie HERE vir U groot genade & my gesondheid

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie HERE dat U, U ENIGSTE SEUN gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, huil, hoor, proe , redeneer & omgee, & dankie HERE dat U altyd daar is vir my

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie my GOD dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade.*** Amen!

HAVE hope
TRY new things
BE active
SEE the good
SAY "I Love You," more
CHALLENGE yourself
CHOOSE to be happy
EAT better
ENJOY today
FORGIVE more readily
READ more often
BECOME your best you

Stop allowing people to infect your spirit with negativity and simple mindedness. You deserve the best so don't allow that mess.

Gedagte vd week



Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
03 Sep 2017	Spesiale diens	NG Kerk

Hierdie dien mag nie gemis word nie!!!

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.